DEEL 114 | WEEK 16 | 22 APRIL 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# AGT SLUISE OOP BY VAALDAM



## *Weer reën vir die naweek voorspel*

'n Weeklikse verslag wat deur die Departement van Water en Sanitasie uitgereik word oor die watervlakke in Vrystaat, weerspieël 'n waterberging van 105,4%. Die land het onlangs swaar reënval ervaar wat tot swaar vloede in sommige dele van die land gelei het.

Vaaldam staan tans op 116.5% met agt sluise wat oop is. Meer reën die naweek kan veroorsaak dat groter skade aan eiendom aangerig word in die benede Vaalrivier wat reeds sy walle oorstroom. Dit is die hoogste wat die dam se vlak is in April maand sedert 1987. In die jaar 1975 was al die sluise van die dam oop.

Rustfonteindam en Groothoekdam wat Bloemfontein voed, staan op 119,3% en 102,8% onderskeidelik. Welbedachtdam wat ook die gemeenskap van Bloemfontein voed, het 100.0% aangeteken, Knellpoortdam het effens toegeneem met 105.4% vanaf verlede week se 100.4% waterkapasiteit.

Sterkfonteindam staan op 102.3% en Bloemhofdam staan op 108.0%. Allemanskraaldam staan vandeesweek op 98.8%, terwyl Erfenisdam 'n effense styging op 111.0% toon vanaf verlede week se 100.3%. Tierpoortdam het ook 'n toename van 124.0% vanaf verlede week s'n tot 104.3% aangeteken. Kalkfonteindam staan op 104.1%, Krugersdriftdam het 'n styging op 123.7% aangeteken en Metsi-Matshodam staan op 100.0%.

Fika-Patso Dam is op 99,8% dieselfde as verlede week se opname.

Die groot Gariepdam het 'n klein afname teen 103.1% % van verlede week se 103.2% aangeteken. Vanderkloofdam staan op 105.6% wat 'n effense toename aandui vanaf verlede week se rekord van 105.2%.

Die Departement van Water en Sanitasie sal voortgaan om al sy damme te monitor en water vry te laat waar nodig om die druk van die damme te verlig en sodoende die veiligheid van diegene wat stroomaf woon, te verseker. Die huidige reënval in baie dele van Suid-Afrika sal na verwagting voortduur en watervlakke in riviere en damme sal na verwagting skerp styg. Suid-Afrika is steeds 'n droë en waterskaars land en water moet steeds spaarsamig gebruik word.

## COVID-19 CASES

| Ngwathe | 01/04 | 20/04 |
|---|---|---|
| Parys | 2936 | 2939 |
| Heilbron | 1478 | 1480 |
| Koppies | 1354 | 1358 |
| Edenville | 207 | 207 |
| Vredefort | 395 | 395 |









# HUPPEL TRIPPEL KLUB DOEN OEFENINGE

Samantha Celliers, 'n fisioterapeut verbonde aan die plaaslike hospitaal, het vir die lede van die Huppel Trippel Klub strek-oefeninge aangebied wat hulle vanuit hulle stoele of rolstoele kon doen.

'n Aantal lede moes verskoning maak weens ander verpligtinge, maar vir die 20-stuks wat opgedaag het, was dit 'n heerlike ervaring. Al het daar 'n paar kreune opgeklink tydens die oefeninge, was dit nogtans 'n genoeglike oggend.

Die saamkuier en gesels oor 'n koppie tee is altyd baie aangenaam. Dit is 'n teenvoeter vir alleenwees, en laat mens sommer vergeet van die kouer winter wat stadigaan besig is om almal te waarsku dat hy in aantog is.

Op 3 Mei is Sr Hettie Rothman die gas en gaan sy vir hulle vertel van al die dienste wat die Munisipale Kliniek aan die gemeenskap lewer.





***NETBAL EERSTES NUUT GEKLEE:*** *Hoërskool Heilbron se eerste netbalspan is uitgevat in nuwe spandrag danksy Pioneer. Baie dankie aan mnr. Brenden Naude van Heilbron Pioneer wat dit moontlik gemaak het. Op foto voor vl: Kayla Bosman; Carli Rochat; Joanike Els; Cathrine Mofokeng. Agter vl: Mnr. Brenden Naude (Pioneer); Anika Allen (kaptein); Nina Booysen; Michaela Grobler; Jaydine van Zyl; Tanya van Rooyen (Afrigter). Afwesig: Natasha Ozaer.*



***HOËRSKOOL HEILBRON SE 0/13 NETBAL DOGTERS IS REG VIR 'N GOEIE SEISOEN:*** *Hoërskool Heilbron wil graag 'n bedanking aan VKB Handel, Meganies en Graan rig vir die besonderse sportdrag. VKB se passie vir die gemeenskap en vir die landbousektor spreek vanself. Heilbron Hoërskool se 0/13 netbalspan is trots om VKB as borg te kan hê. Op die foto onder is Wouter Fourie. Baie dankie aan Corrie Barnard (foto regs onder) en die Iveco Ermelo span vir julle skenking van die sportsakke. Die ETTC-groep is besig met groot verwikkelinge in Heilbron, hou die koerant dop vir verdere inligting. Op die foto is Jonathan Stanton.*
*Groot dank aan Casper en sy span vir jul bydrae tot die pragtige opwarming baadjies. Kontak hul gerus vir die beste bemarking van landboutoerusting.*



## Uit die pen:



# WEEK 16 VAN 2022

Elke ordentlike skool moet 'n skoolkoerant hê. Of so sê hulle. Dit het my nogal handig te pas gekom, want ek hou van skryf. Nie dat my skrywes enige letterkundige waarde het nie, dis bloot net vir my lekker.

Gee my iets om oor te skryf, en ek kan vir paragrawe redeneer en stories vertel. Ek was op skool al gek na opstelskryf. So word ek die koördineerder van die skoolkoerant toe ek by die skool aanland.

Die Skoolhoof reken ons kort opleiding en ek en die redakteur en nog 'n "verslaggewer" ry vir die dag Bloemfontein toe om deur Volksblad se mense opgelei te word. Al die grênd skole se redaksionele spanne is daar. Hulle het 'n fotograaf, 'n ondersoekende joernalis, 'n sportverslaggewer, iemand vir die help-my-tannie-kolom en nog 'n klomp ander mense. Ek voel asof ek die helfte van my breinselle by die huis vergeet het, want hierdie mense speel nie koerant nie. Hulle kén van koerant.

Iewers gedurende die opleiding laat val iemand die frase: "… en dit is net die oortjies van die seekoei." Dit fassineer my baie, want ek het nog nooit daardie uitdrukking gehoor nie. Dit was definitief nie in my Afrikaanse Graad 12 handboek nie.

Hulle praat van die kop van 'n koerant, die voorblad, die hoofartikel, die logo, 'n leuse, die gegewens, uitreikingsdatum, jare van publikasie, prys, ratavliegtuie en nog baie dinge wat my kop laat draai.

Dan moet jy ingedagte hou dat die boonste deel van die koerant eerste die oog trek (dit verstaan ek) en daar eerder advertensies as artikels aan die regterkant van die koerant se blad moet wees, want ons lees van links na regs. Dit verstaan ek ook.

Hulle praat van die plasing van fotos. Daar is duisende goeters wat ek reeds vergeet het, maar die plasing van die fotos vind ek baie interessant, en ek onthou dit steeds. Nie dat dit enigsins iets aan my menswees gaan verander nie.

Terug by die skool begin ons om die nuutgeleerde kennis te implementeer. Dis nie so maklik nie, kom ek agter. Die skool is te klein, die redaksielede te min, die nuus maar skaars. Maar ons probeer.

Die redaksie handig hulle digitale artikels by my in. Ek ontdek 'n program op my rekenaar wat my help met die bladuitleg en werk deurnag daaraan. Die een bladsy volg pragtig op die vorige een. Ek weet nie van beter nie en gebruik verskillende lettertipes omdat dit mooi lyk, min wetende dat ek die leser deurmekaar maak. Iedergeval, ek lê die koerant uiteen en stoor die dokument sorgvuldig.

Toe ek die dokument die volgende oggend oopmaak is daar niks. *Zulch. Boggerall.* Iets het deurnag aan my koerant geknibbel en alles opgevreet. Ek is lus en huil uit volle bors. Om eerlik te wees: ek dink ek het. Ek leer uit my fout en maak dubbel seker dat ek die dokumente reg stoor.

Ek het 'n stryd met die artikels wat ek van die joernaliste ontvang: hierdie een skryf oor 'n vlermuis wat deur die huis gevlieg het, die ander een oor 'n insident wat haar oorgekom het. Nie een van bogenoemde dra enigsins by tot die skoolkoerant nie, en ek moet 'n blitskursus gee in watter artikels gepas is en watter nie.

Ek stel sommer 'n blokkiesraaisel ook saam, en vir die wis en die onwis, skryf ek 'n kortverhaal om die koerant vol te maak. Ek begin met 'n briewekolom en wil sommer die groot kokkedore ook aanvat in ons beplande in-diepte artikel. Wat ('n bedekte seën) nooit van die grond af kom nie. Ek deel werk hot en haar uit sodat elkeen 'n geleentheid het om 'n artikel of twee te skryf.

Toe alles in orde is, kondig ek aan: "Die koerant sak vanmiddag." En niemand verstaan my terminologie nie. Waarheen moet die koerant sak, juffrou? Moet ons kom help vashou, juffrou?

Ek kry net een riem A3-papier om die koerant op te druk, want daar is nie meer geld nie. Sê die skoolhoof. Ek gaan soek in die dorp na adverteerders, bied hulle adverteerplek in die koerant aan teen 'n billike fooi. Die skool aanvaar my geld maar wil nie nog papier gee nie. Ek sukkel, maar druk deur. Ek moet hierdie net eenvoudig maak werk.

Ek druk die koerant op die (min) A3-papier laatmiddag omdat ek nie die ander onderwysers uit hulle fotostaatwerk mag hou nie, vloek die fotostaatmasjien en sit dit snags en vou. Ek druk al die gevoude papier inmekaar, en siedaar! Ons het 'n koerant. Baie maklik vir die buitestaander. Ek het teen daardie tyd nie meer naels oor nie. Ek herhaal hierdie oefening elke kwartaal.

Ons het een jaar 'n uitstaande atleet gehad. Die seunskind het opslae gemaak in omtrent al die baanitems, en uitgeblink in een of twee velditems. Hy was ook 'n goeie rugbyspeler.

By die huissport verbeter hy 'n rekord en gaan verdedig dit by die streeksatletiekbyeenkoms. Met groot welslae. Van daar af is hy deur na die provinsiale byeenkoms waar hy ook eerste kom. As ek reg onthou, het hy tweede plek behaal op die nasionale byeenkoms.

Aan die einde van die kwartaal pronk hierdie atleetkind op die voorblad van ons skoolkoerant: 'n pragtige aksiefoto asook 'n foto waar hy sy nasionale medalje ontvang.

Intussen het hy en Die Skoolhoof 'n geveg opgetel. Ek kan nie eers meer mooi onthou waaroor dit gegaan het nie. Toe Die Skoolhoof sien wie op die voorblad is, word hy rooier as 'n tamatie en skel en skel. Hoekom sit ek hierdie karnallie op die voorblad? Weet ek wie en wat hierdie mannetjie is? Hy is stout en onbeskof en en en. Wat hy gesê het, kan ek ook nie meer onthou nie.

Wat ek wel kan onthou, was dat hierdie ons laaste uitgawe was. Soveel vir my roemryke looppaan in die joernalistiek.



# DAAN WORD TE RUSTE GELÊ

Die Heilbron gemeenskap neem afskeid van bekende Heilbronner, Daan Els. Daan is in Heilbron gebore in 1960.

Hy het hier ook sy skoolloopbaan voltooi en daarna geboer. Daan is die beste geken vir sy betrokkenheid by Hoërskool Heilbron se Rugbyspan waar hy uitgehelp het as afrigter vanaf 1997 tot en met 2019.

In 2020 is Daan gediagnoseer met kanker waarvan hy herstel het, maar die die skade wat sy longe en hart opgedoen het, het sy lewe geëis op Maandag, 18 April 2022.

Daan laat na sy eggenoot Hilda, kinders Danila, Neil & Tanya, Koos & Anita en kleinkinders Tanielle & Daniel.



*Op die foto: Daan Els en sy kleinseun en naamgenoot, Daniel Cornelius Els.*

Die begrafnis vind plaas vandag, 22 April 2022 op die Vegkop Feesterrein vanaf 10:00.












# HOËRSKOOL HEILBRON SE TOP 5 PRESTEERDERS

*Hoërskool Heilbron se leerlinge presteer nie net op die sportveld nie, maar ook in die klas! Op Maandag, 11 April 2022, is kwartaal 1 se top-5 akademiese presteerders van elke graad aangewys.*



## Graad 4

*Elne du Plooy (96.00%)*
*NJ Mocke (85.83%)*
*Elizma Meiring (85.33%)*
*Caitlin Reitchard (84.33%)*
*Chanté Saayman (84.17%)*
*en Marlien Baan (84.17%)*
*gesamentlik 5de.*



## Graad 5

*Riëtte Steyn (94.17%)*
*Lisa-Liné Rheeder (91.67%)*
*en Elsené v. d. Merwe*
*(91.67%) gesamentlik 2de.*
*Elzeri Combrink (91.17%)*
*Jessica Small (82.67%)*



## Graad 6

*Gerrit du Plooy (86.50%)*
*Jeanette Victor (84.50%)*
*Ernest Scheepers (78.50%)*
*Cheree J. v. Rensburg*
*(78.00%)*
*Lee-Anne Viviers (76.67%)*



## Graad 7

*Noeline Gavin (83.33%)*
*Aljané Zitzke (82.00%)*
*Chenelle Els (80.11%)*
*Lizelle Swanepoel (74.00%)*
*Danelri Mocke (72.44%)*



## Graad 8

*Cariska J. v. Rensburg*
*(77.56%)*
*Dihan J. v. Rensburg*
*(71.44%)*



## Graad 9

*Johanri Pretorius (84.67%)*
*André Viviers (83.11%)*
*Carli Rochat (82.78%)*
*Kayla Bosman (80%)*
*Zelmari Zitske (77.78%)*



## Graad 10

*Michaela Grobler (84.71%)*
*Madaleen de Beer (80.00%)*
*Motsilisi Semela (79.43%)*
*Luzé Barnard (75.29%)*
*Joanike Els (74.14%)*



## Graad 11

*Stean Lategan (77.71%)*
*Robinho v. Schalkwyk*
*(75.00%)*
*Wessel Steyn (74.43%)*
*Beanke Nagel (70.00%)*



## Graad 12

*Jane J. v. Rensburg*
*(84.29%)*
*Mbali Malindi (84.00%)*
*Anica Grobler (81.14%)*
*Alden Peach (76.00%)*
*Nina Booysen (72.00%*

# PHITSHANA HAS PARTICIPATED IN PUBLIC SPEAKING



*In Intermediate phase Tshosane Mokoena has obtained position 1 with 78 points. In Senior Phase Grade 7-9 including Phiritona and Sediba-Thuto Magauta Mokoena Moroke has obtained position 1 with 75 points.*
*The School thanks English teachers especially Me MM Kheswa (Under the Totulege of their Departmental Head Mr. K.I Thapedi, from left is Tshosane Mokoena learner in grade 5, Me MM Kheswa English teacher, Magauta Moroke Grade 7 learner, Mr Thapedi DH and principal W.T Mokoena.*

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van **WYLE MARIE ELIZABETH SMIT**, Identiteitsnommer 240106 0025 085, wat woonagtig was te Huis-Bron-Van-Heil bejaardesorg, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 11 Mei 2020, boedelnommer 005698/2020.
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
**Surname:** VAN TONDER
**First names:** MARTHA LOUISA
**Estate number:** 003179/2022
**Identity/passport number:** 290514 0013 085
**Date of death:** 4/02/2022
**Last address:** 31 Huis Bron-van-Heil, Heilbron, 9650
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
**First Names and Surname of Surving Spouse:** Not applicable
Identity/Passport Number:
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
**Surname:** ROETS
**First names:** MARIA ELIZABETH
**Estate number:** 5517/2021
**Identity/passport number:** 351027 0005 080
**Date of death:** 26/05/2021
**Last address:** Huis Bron-van-Heil Flat No. 39
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 22 April 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
In case of a marriage in community of property:
**First Names and Surname of Surving Spouse:**
Identity/Passport Number:
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE/jf/**

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

### AANDAG ALLE MAMMAS!

Heilbron kliniek beplan 'n
Immunisasie-veldtog.
Wanneer: 25 - 29 April 2022
Vir wie: Babas van geboorte tot met kleuters van 5 jaar.
Doel: Kontroleer of u kind se immunisering op datum is.
NB! Bring u kind se immuniseringskaart saam met u kind wanneer u die kliniek besoek.
Indien enige immuniserings kort, sal die personeel dit hanteer.

### BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

### KENNISGEWING

**Sektor 2A en Sektor 2B Brandbeskermingsvereniging vergadering**
**Woensdag 27 April 2022 om 11:00**
**by Heilbron Kommando Kantore.**
**Navrae: Jannie Naude 082 571 5183**
**Johan Germishuys: 082 334 9819**

### KENNISGEWING

**Neem kennis van 'n vergadering van Moedersdeel Brandbeskermingsvereniging wat gehou sal word op**
**28 April, 11:00,**
**by die Beheerkamer / Kommando saal.**

### POSTNET HEILBRON

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:**
09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

### Winkelure

**MAANDAE - DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
*Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033*

### Buy-a-Bale

**Make Your Own Cash!**
Imported European Quality second hand Coats
overcoats.co.za
**BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!**
**Overcoats Benoni**
97 Princes Ave.
011 845 4769
**Call SYDNEY now!**
**072 885 1999**
sales@overcoats.co.za
**www.overcoats.co.za**
**WE DELIVER COUNTRY WIDE**
**OVERCOATS**

# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

### Andries Muller

Muller Draaiwerke
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

### HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
Vleissentraal

### POSTNET HEILBRON

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
**· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
**· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
**· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za




# SMALLS

# EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

### BLOEDSKENK DATUMS - 2022

Give blood save life
**24 Mei**
**26 Julie**
**27 September**
**29 November**

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Silma Petzer*
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

# HERALD Sport

# APK DAG VOL VERRASSINGS

Die jaarlikse gholfdag wat môre aangebied deur die AP kerk, kan jou vleis-spens se voorraad mooi aanvul, mits jy goeie gholf speel. Volgens die organiseerders sal daar baie pryse op die spel wees. Die formaat is "best drive betterball". Skryf vroegtydig in.

Saterdag se plaaslike kompetisie het uitgereeën, maar Maandag was daar heelwat belangstelling en word die dag gewen deur Wiam Rautenbach met 40 punte. Jackie Leonard was tweede met 36 en Johan van Rooyen derde met 35.

Die enkel-putjiespel se trekking is gedoen en spelers moet by die gegewe afsnydatums hou om diskwalifikasie te voorkom. Willie Pretorius en Johan Nelson speel gelyk teen Pieter van Staden en Arnold Saayman in die dubbels. Volgende naweek is die April HBA maandbeker op die spel.

Die "Jokerdraw" staan op R 85 200 met sowat 11 kaarte oor, koop betyds jou nommer.

## JAARPROGRAM : 2022
## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 23 APRIL | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 7 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 21 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 4 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 09 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 13 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 20 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |

## KENNISGEWING

**GOTTENBURG/SLOOTKRAAL BRANDBESKERMINGSVERENIGING**

**NEEM KENNIS VAN DIE JAARVERGADERING VAN GOTTENBURG/SLOOTKRAAL BRANDBESKERMINGSVERENIGING**

**vergadering wat gehou sal word.**

**DATUM: 4 MEI 2022 TYD: 14:00**

**PLEK: BOERESAAL BY HEILBRON GHOLF KLUB**

**Alle lede word vriendelik versoek om die vergadering asb. by te woon. Belangrike besluite moet geneem word rakende die bestuur, koördinering en administrasie.**

**Navrae: Marais Breytenbach: 079 874 8849 of Elsabé Engelbrecht: 082 308 6797**




STUDENT DESK SPECIAL
Herald
Office National
NOW IN STOCK FOR ONLY
R1690
AT YOUR BACK-TO-SCHOOL SUPPLIER T'S AND C'S APPLY

FUNKSIONELE TERAPEUT
PASTORALE BERADER
TRAUMA, VERLIES, GESINSBERADING
KINDER-SPELTERAPEUT
TRAUMA, VERLIES, GEDRAGSPROBLEME
REMEDIËRING
GRAAD R: GEREGISTREERDE SKOOLGEREEDHEIDSTOETS
BREDA SCHEEPERS: 083 660 5873

WEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
MICRONEEDLING WITH PRP
063 721 4950 087 527 0723

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 25 APRIL 2022
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443
DINSDAG - 26 APRIL 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
WOENSDAG - 27 APRIL 2022
DUNDEE: WALTER PREORIUS
Uitverkoping van plase & beeskudde
11:00; Blightly
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225
DONDERDAG - 28 APRIL 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DUNDEE & DISTRIKTE Speenkalf veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
SASOLBURG: VOORSPOED BONSMARAS
Produksieveiling; 11:00; Meyerskraal
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VRYDAG - 29 APRIL 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za